The Book of Blood & Shadow

Deur Robin Wasserman



Die vreemde skryfstyl van Robin Wasserman verg baie konsentrasie. Maar dit is beslis die moeite werd.

The **Book of Blood & Shadow** is Wassermanse nuutste boek. As jy eers by dié avontuur ingetrek (pulled in) word, sal jy nooit (never) daaruit wil ontsnap (escape) nie.

Die **hoofkarakter** (main character), Nora, het al baie **tragedies** (tragedy) **ervaar** (experience). Wanneer sy van skool verander (change), is alles amper (almost) perfek. . . amper.

Sy het twee beste vriende en 'n kêrel **waaroor** (about who) sy **mal** (crazy) is. Maar net wanneer alles soos 'n droom begin lyk, sterf (die) die een beste vriend en beland die ander beste vriendin in 'n **katatoniese** (catatonic / brain dead) **toestand** (condition) en is haar prince charming **skoonveld** (gone). Boonop word haar kêrel van **moord** (murder) **verdink** (suspected of).

Sy moet die **strate** (streets) van Praag invaar agter **geheime** (secrets) aan wat **eeue** (centuries) **oud** (old) is. Dit alles sodat sy haar kêrel se **onskuld** (innocence) kan bewys (prove). Nora word boonop **ingetrek** (pulled into) by 'n web van **geheime** (secrets), asook **konkelaars** (conmen and criminals) wat almal desperaat is om **iets** (something) te **besit** (own) wat **dalk** (maybe) **nie bestaan nie** (not exist)...Sal sy **betyds** (on time) die geheime kan **ontleed** (unravel/analyse) sodat sy haar eie lewe kan **red** (save)?

Hierdie is 'n perfekte **leesstof** (reading material) vir die winter.Die **skryfstyl** (writing style) is **beslis** (definitely) iets **anders** (different) en dit vat 'n paar **bladsye** (pages) om daaraan **gewoond** (get used to) te raak.

Daarna (thereafter) is die boek iets **besonders** (something exceptional). Ek het die boek en sy karakters **geniet** (enjoy).

In **sommige** (some) **hoofstukke** (chapters) is die storie so **diep** (deep), jy **voel** (feel) asof jy saam met Nora **deur** (through) die **strate** (streets) van **Praag** (Prague) hardloop! **Kry** (get) sommer vandag nog dié boek!

Beantwoord die volgende vrae deur die inligting in die boekresensie te vind.

1. Wie is die skrywer (outeur) van die beok?
2. Wat is die boek se titel?
3. Waar speel die verhaal af?
4. Wie is die hoofkarakter in die verhaal?
5. Wat gebeur met die hoofkarakter se beste vriende?
6. Wat moet die hoofkarakter soek om haar kêrel te help?
7. Waarvan word haar kêrel vedink?
8. Wanneer moet mens die boek lees?
9. Hoe voel die leser in sommige hoofstukke?
10. Watter voorstel (suggestion) maak die resensie aan die leser?